higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 4

(3081034)

17 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

506Q1N2217

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ... identifiseer ’n kernprobleem met sy grondoorsake en -simptome.

A Probleemanalise
B Gebeurlikheidsplan
C Probleemboom
D Risiko-ontleding

1.2 ’n ... is ’n instrument wat deur projekbestuurders gebruik word om verwagte uitgawes te vergelyk met die voordele wat verkry kan word.

A Kostevoordeelontleding
B Begroting
C Kostebeheer
D Vloeidiagram

1.3 Watter van die volgende word oor die algemeen nie as ’n persoonlike eienskap van die projekbestuurder beskou nie?

A Energie en taaiheid
B Swak hanteringsvaardighede
C Besluitnemingsvaardighede
D Integriteit

1.4 Verantwoordbaarheid kan gedefinieer word as:

A Verantwoordelikheid sonder gesag
B Gesag plus verantwoordelikheid
C Gesag sonder verantwoordelikheid
D Verantwoordelikheid

1.5 In ’n matriksprojekstruktuur ontvang die projekspan daagliks leiding van ...

A Slegs die projekbestuurder
B Slegs die funksionele bestuurder
C Sowel die projekbestuurder as die funksionele bestuurder
D Die projekadministrateur

1.6 Die ‘van’-aktiwiteit moet begin voordat die ‘tot’-aktiwiteit kan eindig.

A Begin-tot-einde
B Einde-tot-begin
C Begin-tot-begin
D Einde-tot-einde

Kopiereg voorbehou

1.7 ’n Grafiese uitbeelding wat aktiwiteite, datums en die tydsduur aandui, is …

A rooster
B bestek
C Gantt-grafiek
D Staafgrafiek

1.8 ’n Manier om vas te stel of gehalte verkry is en korrektiewe stappe te doen.

A Gehaltebeheer
B Inspeksie
C Gehalteversekering
D Gehaltebestuur

1.9 Aflewerings wat reeds gedoen is, word tydens die ... bespreek.

A vorderingsoorsig-vergadering
B ondernemersvergadering
C projekreëlingskomitee-vergadering
D statusvergadering

1.10 Word gebruik om interne voorrade te bestel

A Voorraadbeheerblad
B Toerustingdatablad
C Rekwisisievorm
D Faktuur

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 ’n Lewerbare is ’n hanteerbare taak waarvolgens die projek gemonitor word.

2.1.2 ’n Notule behoort voor die vergadering aan aanwesiges gestuur te word sodat hulle onderwerpe kan byvoeg, indien nodig.

2.1.3 Insluiting is iets wat uitdruklik uitgesluit word omdat dit nou benodig word of waarskynlik in die toekoms benodig sal word.

2.1.4 Nieveroordelende gedrag is om nie seksistiese of rassistiese opmerkings oor andere te maak of grappe te vertel wat van slegte smaak getuig nie.

2.1.5 Ad hoc-vergaderings word geskeduleer soos en wanneer nodig.

(5 × 1) (5)

2.2 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-L) langs die vraagnommer (2.2.1.–2.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.2.1	Dit verwys na die moontlikheid dat ’n risiko sal plaasvind.	A	projekhandves
2.2.2	Die mate waarin ’n stel inherente eienskappe aan vereistes voldoen	B	verkryging
2.2.3	Dui die fisieke montasies, submontasies, komponente en onderdele aan wat benodig word om die produk te vervaardig	C	prioriteitsdiagram
2.2.4	’n Wiskundige model wat gebruik kan word om die waarskynlike tydsduur van ’n aktiwiteit te skat, deur verskeie moontlikhede in ag te neem	D	waarskynlikheid
2.2.5	Die persoon wat die veranderingsversoekvorm invul	E	force majeure
2.2.6	Dokument wat ’n projek formeel erken en magtig	F	werkspakket
2.2.7	Gebruik om projekaktiwiteite te skeduleer sodat dit in die korrekte volgorde plaasvind	G	borg
2.2.8	’n Krag wat nie deur die kontrakterende partye beheer kan word nie, en wat die partye verhoed om die kontrak na te kom	H	produkontledingstruktuur
2.2.9	Om goedere van ’n verskaffer buite die organisasie te bekom	I	gehalte
2.2.10	’n Lewerbare op die laagste vlak van die werksuiteensettingstruktuur	J	Gantt-grafiek
		K	tydramingsmodel
		L	Opsteller/ondernemer/ origineerder/ontwerper

(10 × 1) (10)

2.3 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.3.1 ’n Werkselement wat op die werksuiteensettingstruktuur aangetref word, is ’n …

2.3.2 ’n ... leier neem al die besluite op sy/haar eie, sonder om die span te raadpleeg.

2.3.3 ... is die mense wat uit die projek voordeel trek.

2.3.4 ... kan spesifiek, meetbaar, bereikbaar, realisties en tydgebonde wees.

2.3.5 Take wat sal bepaal of die projek ’n sukses is of nie, staan bekend as ...

(5 × 1) (5)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

SUID-AFRIKAANSE INENTINGSPASPOORTPROJEK

Reeds maande lank is daar ’n vraag na die digitale weergawe van entstofkaarte vir Suid-Afrikaners, bekend as die Elektroniese Vaksinasiedatastelsel (EVDS). COVID-paspoorte in Suid-Afrika sal ook grensstelsels vir inkomende passasiers vereenvoudig om lang wagtye by immigrasie te voorkom. Dit sal ook Suid-Afrikaners in staat stel om maklik na buitelandse bestemmings te reis vir sake, ontspanning, sport, rekreasieruimtes, geleenthede, en musiekfeeste, om maar ’n paar te noem.

Ná ’n stadige wegspring is Suid-Afrika goed op dreef om ’n groot gedeelte van sy bevolking in die komende maande in te ent. Dit het die Fase 1-bekendstelling van SA se digitale inentingspaspoort tydens die eerste week van Oktober 2021 as ’n toetsfase moontlik gemaak. In die volgende paar maande moet baie verbeteringe aan veiligheid en sekuriteit van die sertifikaat aangebring word. Hierdie sertifikaat sal slegs tot volledig ingeënte mense se beskikking wees.

Voorheen het Suid-Afrikaanse burgers staatgemaak op papierkaarte om inentings te bevestig. Ná die eerste COVID-19-entstofdosis is ’n papiervaksienkaart uitgereik met die pasiënt se naam, identiteitsnommer en vaksienbesonderhede. Hierdie kaarte was vatbaar vir skade en bedrog. Die EVDS-projekbestuurder, me Wolmarans en haar span, beplan ’n suksesvolle bekendstelling van die digitale paspoort. Ingeënte burgers kan die sertifikaat op hul selfoon aflaai. In die vroeë stadiums van die digitale inentingspaspoort moet spesifieke riglyne vir gebruik nog aangekondig word.

Die Suid-Afrikaanse inentingsertifikaat is ontwikkel in samewerking met die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad (WNNR), volgens Gesondheidsminister Joe Phaala. Dit kan maklik afgelaai word deur vaccine certificate.health.gov.za te besoek.

Nog ’n byvoordeel van die Suid-Afrikaanse COVID-paspoort is toegang tot sekere kortings en pryse in deelnemende winkels en banke. Die sertifikaat en sy menigte gebruike sal voortdurend bygewerk word om te verseker dat dit op die hoogte van plaaslike en internasionale standaarde bly.

3.1.1 Wat is die rol van me Wolmarans in die Elektroniese Vaksinasiedatastelsel- (EVDS)-projek? (2)

3.1.2 Hoe behoort me Wolmarans na jou mening goedgekeurde modifikasies aan die belanghebbendes te kommunikeer? (4)

3.2 Projekrekords en -dokumente moet bygewerk word voordat verslagdoening oor die vordering van ’n projek gedoen kan word.

3.2.1 Wie is verantwoordelik vir die skepping van ’n vorderingsverslag vir die Elektroniese Vaksinasiedatastelsel (EVDS)? (2)

3.2.2 Noem redes waarom me Wolmarans vorderingsverslae behoort te lewer. (4)

3.2.3 Wat sluit me Wolmarans by ’n weeklikse projekverslag in? (4)

3.3 Me Wolmarans moes aan ’n private saak aandag gee, en jy word versoek om as projekbestuurder waar te neem. Die belanghebbendes was besorg oor ontbrekende of onherkenbare vaksinasienommers. Die gesondheidsdepartement het besluit om die vaksinasienommers weer via SMS aan alle ingeënte mense te stuur om die stelselprobleme op te los.

3.3.1 As die projekbestuurder moet jy ’n tydlyn vir die bogenoemde probleem voorberei.

Watter stappe sal jy volg om die tydlyn te bepaal? (5)

3.3.2 Watter probleemoplossingstappe sal jy toepas om ’n probleem op te los wat in die Elektroniese Vaksinasiedatastelsel- (EVDS)-projek ontstaan het? (6)

3.3.3 Identifiseer moontlike afwykings van die projekplan. (4)

3.4 Wanneer ’n probleem ontstaan wat dringend aandag verg, kan ’n mens nie altyd die verslagdoeningsprosedure volg nie, omdat daar dringend opgetree moet word.

Adviseer jou projekspan hoe hulle dringende sake moet hanteer. (5)
36]

VRAAG 4

’n Projekbestuurder moet verseker dat ’n konsekwente gehaltebeheerstelsel beskikbaar is en deurgaans toegepas word. Gehalte behoort gemonitor te word om te verseker dat daar aan standaarde voldoen word.

4.1 Verduidelik hoe jy aktiwiteite binne jou projekspan sal delegeer. (4 × 2) (8)

4.2 Verduidelik die doel van ’n aktiwiteitsrooster. (7)

4.3 Watter aspekte van die digitale inentingspaspoortprojek behoort gereeld gemonitor te word? (3)

4.4 'Ten einde gehalte te lewer, moet die projekbestuur verseker dat die hele proses waarvolgens die entstofsertifikaat ontwikkel word, daarop gerig is om gehalte te lewer.' ☆

4.4.1 Verduidelik kortliks aan jou span wat 'n gehaltebestuurstelsel is. (2)

4.4.2 Bespreek kortliks hoe gehaltebeheer-aktiwiteite die gehalte van die digitale inentingspaspoort kan verbeter. (6)

4.4.3 Die ISO 9001-standaarde identifiseer agt gehaltebestuurbeginsels.

Noem VIER van hierdie beginsels. (4)

4.5 Wat sal gebeur indien gehalte nie in die Elektroniese Vaksinasiedatastelsel-(EVDS)-projek bestuur word nie? (3 × 2) (6) ☆

[36]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die volgende risiko's wat die span in die Elektroniese Vaksinasiedatastelsel (EVDS) kan antisipeer.

5.1.1 Gesondheids- en veiligheidrisiko's (2)

5.1.2 Tegniese risiko's (2)

5.1.3 Wat behoort by die risikoherstelplan ingesluit te word? (3)

5.1.4 Verduidelik die metodes wat jy sal gebruik om die projekrisiko's te monitor en te beheer. (3 × 2) (6) ☆

5.1.5 Verduidelik die doel van risikomonitering en -beheer aan jou projekspan. (2)

5.2 Dui die risikobestuuraktiwiteite aan wat jou span kan gebruik om 'n risikobedreiging te verminder of te beperk as dit sou ontstaan. (3 × 2) (6)

5.3 Watter aktiwiteite sal jy identifiseer om van 'n spesifieke risikobedreiging te herstel? (3)

5.4 Wanneer 'n projekrisiko 'n werklikheid word, word die gebeurlikheidsplan gevolg om die risiko te versag.

Verduidelik kortliks die volgende terme:

5.4.1 Versagting ☆

5.4.2 Gebeurlikheidsplan

(2 × 2) (4)

[28]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Projekevaluering vind plaas om te bepaal of die projek in sy doel geslaag het, en dit kan lesse vir toekomstige projekte verskaf.

6.1 Wanneer behoort projekevaluering plaas te vind? (3)

6.2 Watter aspekte van die Elektroniese Vaksinasiedatastelsel- (EVDS)-projek behoort geëvalueer te word? (3)

6.3 Watter instrumente kan gebruik word om hierdie projek te evalueer? (3)

6.4 Verduidelik waarom finale projekevaluerings vir die Elektroniese Vaksinasiedatastelsel- (EVDS)-projek gedoen behoort te word. (4 × 2) (8)

6.5 Noem DRIE moontlike vrae wat jy tydens die projekevaluering kan stel. (3)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou